

ANNEXURE "B" TO CHARGE SHEET.

the STATE VERSUS THE PERSONS MENTIONED IN ANNEXURE "A" TO
THE CHARGE SHEET.

(Hereinafter referred to as the accused)

COUNT 1.

THAT the said accused are guilty of the offence of contravening section 3(1)(a)(i), read with sections 11(c) and 11(m)(i), of Act 44 of 1950, as amended, further read with sections 1 and 2 of Act 34 of 1960, as amended, and Proclamations 119 of 1960, 83 of 1961, 67 of 1962, 31 of 1963, 93 of 1963 and section 14 of Act 37 of 1963, and further read with section 22 of Act 93 of 1963;

IN THAT during the period 8/4/60 to 20/9/65 and at or near ..WELKOM in the district of WELKOM and within the jurisdiction of the Regional Division Orange Free State and Griqualand West, the said accused did wrongfully and unlawfully become or continue to be members, officers or officebearers of an unlawful organisation to wit the "Pan Africanists Congress" also known as "POQO".

COUNT 2.

THAT the said accused are guilty of the offence of contravening section 3(1)(a)(iii), read with sections 11(c) and 11(m)(i) of Act 44 of 1950, as amended, further read with sections 1 and 2 of Act 34 of 1960 as amended and Proclamation 119 of 1960, 83 of 1961, 67 of 1962, 31 of 1963, 93 of 1963 and section 14 of Act 37 of 1963 and further read with section 22 of Act 93 of 1963;

IN THAT during the period and at or near the place mentioned in Count 1, the said accused did wrongfully and unlawfully contribute or solicit subscriptions or otherwise to be used directly or indirectly for the benefit of an unlawful organisation, to wit, the "PAN AFRICANISTS CONGRESS."

COUNT 3.

THAT the said accused are guilty of the offence of contravening section 3(1)(a)(iv), read with sections 11(c) and 11(m)(i) of Act 44 of 1950, as amended, further read with sections 1 and 2 of Act 34 of 1960 as amended, and Proclamations 119 of 1960, 83 of 1961, 67 of 1962, 31 of 1963, 93 of 1963 and section 14 of Act 37 of 1963 and section 22 of Act 93 of 1963;

IN THAT during the period and at or near the place mentioned in count 1, the said accused did wrongfully and unlawfully take part in activities of an unlawful organisation, to wit the Pan Africanists Congress (.P.A.C.) or carry on in the direct or indirect interest of the said organisation, activities in which it was or could have engaged at the date when it was declared unlawful, namely the 8th April, 1960.

ALTERNATIVELY.

THAT the said accused are guilty of the crime of contravening section 18(2)(a) of Act 17 of 1957, as amended, read with sections 3(1)(a)(iv), 11(c) and 11(m)(i) of Act 44 of 1950, as amended, further read with sections 1 and 2 of Act 34 of 1960, as amended, and Proclamations 119 of 1960, 83 of 1961, 67 of 1962 and 31 of 1963, further read with section 22 of Act 93 of 1963;

IN THAT during the period and at or near the place mentioned in count 1, the said accused did wrongfully and unlawfully, the one with the other and/or other persons to the prosecutor unknown conspire to take part in activities of an unlawful organisation, to wit, the Pan Africanists Congress and/or to carry on in the direct or indirect interests of the said organisation, activities in which it was or could have engaged at the date when it was declared unlawful, namely the 8th April, 1960.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA.

(ORANJE VRYSTAAT PROVINSIALE AFDELING)

In die saak tussen:

ERNEST TENGENI & ANDERE Appellante

en

DIE STAAT Respondent

CORAM: HOFMEYR & ERASMUS R.R.

VERHOOR OP: 31 Oktober 1966.

UITSpraak: HOFMEYR R.

Die appellante is vier van sewe bantoe-
mans wat voor 'n streeklanddros te Welkom aangekla
is op twee aanklagtes en 'n alternatiewe klagte onder
die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme (Wet Nr. 44
van 1950 soos gewysig). Eerstens is beweer dat hulle
artikel 3(1)(a)(i), gelees met sekere ander artikels
van die betrokke wet, oortree het deurdat hulle ge-
durende die periode 8 April 1960 tot 20 September 1965
te of naby Virginia lede geword het of lede of

/ampsdraers.....

ampsdraers gebly het van 'n onwettige organisasie, naamlik die Pan Africanist Congress, ook bekend as Poqo.

Tweedens is beweer dat hulle artikel 3(1)(a)(iv) van dieselfde wet gelees met sekere ander artikels en proklamasies oortree het, deurdat hulle gedurende die bogemelde tydperk en op die gemelde plek deelgeneem het aan die bedrywighede van 'n onwettige organisasie, te wete die Pan Africanist Congress, of enige bedrywigheid (waarmee genoemde organisasie hom besig gehou of kon gehou het), direk of indirek ten voordele van die onwettige organisasie, voortgesit het.

Dit is onnodig om die alternatiewe klagte te noem aangesien dit nie in hierdie uitspraak ter sake sal wees nie. Beskuldigdes Nos. 1, 2 en 7 is aan beide aanklagtes skuldig bevind. Beskuldigde Nos. 1 en 7 is tot 2 jaar gevangenisstraf op elke klagte en Beskuldigde No. 2 tot 3 jaar gevangenisstraf op elke klagte gevonniss. Beskuldigde No. 4 is slegs op /die eerste...

die eerste klagte skuldig bevind en is tot een jaar
gevangenisstraf gevonniss.

Die beskuldigdes wat onskuldig bevind en
ontslaan is, is beskuldigdes Nos. 3, 5 en 6.

Gerieflikheidshalwe word in hierdie uitspraak na die
appellante verwys as beskuldigdes met die nommers
aan hulle by die verhoor toegewys.

Die beskuldigdes was nie by die verhoor
verteenvoerdig nie, en die appellante het eiehandig
en blykbaar sonder regsadvies gronde aangevoer waarom
hulle toegelaat moes word om hulle appèl in persoon
voor hierdie hof te argumenteer.

By die verhoor van die appèl het mnr.

Wentzel namens hulle aansoek gedoen om 'n wysiging
van die gronde van appèl wat eintlik in die eerste
instansie op 'n logiese samevatting van die bewerings
ⁱⁿ en hulle onbeholpe aansoeke neergekom het en in die
tweede instansie sekere regsgronde bygevoeg het.
Aangesien daar geen bewys in die stukke was dat die

/streekslanddros.....

streeklanddros die aansoek onder oë gehad het en daarop kon antwoord nie, het mnr. Haasbroek telefonies met die landdros in verbinding getree. Hy het mnr. Haasbroek verseker dat hy die gewysigde gronde wel gesien het en dat hy volstaan met sy uitspraak wat aan die notule geheg is, gedateer die 23ste Februarie 1966. Hy het onderneem om hierdie mededeling skriftelik te bevestig en in die omstandighede het mnr. Haasbroek geen beswaar geopper teen die gewysigde gronde van appèl nie en kon die verrigtinge op appèl 'n aanvang neem. Die streeklanddros se skriftelike bevestiging is sindsdien ontvang.

Die gronde van appèl het hoofsaaklik te doen met die wyse waarop die landdros die getuienis van die staatsgetuies, wat vir alle praktiese doeleindes as medepligtiges beskou moes word, besafer het. Hy het wel verklaar dat hy kennis geneem het van die beginsels wat in die gewysdes in hierdie verband neergelê is, maar die aanval op sy uitspraak is op die bewering

/gebaseer.....

gebaseer dat sy redes nie laat blyk dat hy die beginsels in werklikheid toegepas het nie. Die gronde van appèl kom verder daarop neer dat hy, die landdros, die beskuldigdes in hulle kruisverhoor van staatsgetuies onbehoorlik gestrem het en, wat sy bevinding op die meriete betref, gefouteer het. Daar word ook betoog dat die vonnis te swaar is, dat daar nie genoeg waarde aan die feit geheg is dat die appellante eerste oortreders is nie en dat, aangesien die twee oortredings waaraan beskuldigdes Nos. 1, 2 en 7 skuldig bevind is dieselfde mens rea openbaar, dit gepas sou gewees het om die vonnis saam te laat loop.

Wat die feite betref, is dit opmerklik dat daar geen krieseltjie skriftelike of ander saaklike getuienis bestaan nie. Die getuienis vir die Staat is uitsluitlik diè van vier persone wat hulle aan dieselfde oortredings wat die beskuldigdes ten laste gelê word, skuldig gemaak het. Die aard van die getuienis is grotendeels die beweerde bywoning van

/sogenaande.....

sogenaamde vergaderings. Dit blyk egter dat die vergaderings eintlik informele en soms toevallige byeenkomste was. Die Staat het selfs moeite ondervind om hulle almal duidelik te identifiseer en met dag en datum vas te stel. Hoewel die vermoede deur artikel 12(1) van Wet 44 van 1950 geskep van toepassing mag wees op gevalle waar van die beskuldigdes by sulke byeenkomste teenwoordig was, hang dit van sowel die aard van die byeenkoms, die algemene omstandighede wat die geleentheid omring as van die meriete van die beskuldigde se ontkenning af of 'n skuldigbevinding op die vermoede gebaseer kan word.

Die landdros het hierdie stelling blykbaar gehuldig ten opsigte van beskuldigdes Nos. 3, 5 en 6. Die sogenaamde vergadering of byeenkoms wat hulle sou bygewoon het, slaan op die derde byeenkoms waarna die getuie Joe Maruma verwys. Dit sou by 'n hostel te Melody Kampong plaasgevind het. Die gemelde drie beskuldigdes was teenwoordig maar dit was blykbaar

/nie juis.....

nie juis 'n geheime byeenkoms waar hulle afgesonder was nie. Dit blyk dat die teenwoordiges daar byeen gekom het in die kombuis en dat daar mense gekom en gegaan het. Die landdros se indruk was duidelik dat dit 'n toevallige byeenkoms was, dat die beskuldigdes passief gebly het en nie aan die verrigtinge deelgeneem het nie. Beskuldigdes Nos. 3, 5 en 6 het volgens die landdros toevallig daar gekom en nie juis op uitnodiging nie.

Die landdros het blykbaar geen moeilikheid ondervind om die getuienis van Beskuldigde No. 3 dat hy toevallig by die byeenkoms uitgekom het en passief gebly het, te aanvaar nie. Hy het tereg bevind dat die vermoede deur artikel 12(1) geskep en op sy blote teenwoordigheid gebaseer nie, met die oog op Beskuldigde No. 3 se ontkenning onder eed dat hy ooit 'n lid van P.A.C. was, sterk genoeg was om die skuldigbevinding van Beskuldigde No. 3 te regverdig nie.

Die landdros het die posisies van Beskuldigdes Nos. 5

/en 6.....

en 6 op 'n soortgelyke wyse benader en aldrie hierdie beskuldigdes onskuldig bevind ten spyte van hulle teenwoordigheid by die gemelde geleentheid en ander getuienis wat teen hulle aangevoer is.

Ek meen dat hierdie benadering van die landdros ten opsigte van die bewyskrag van die vermoede op die blote teenwoordigheid by byeenkomste gebaseer billik en korrek was.

Het hy die geval van Beskuldigde No. 4 in hierdie opsig ewe korrek benader? Hy som die gronde vir die skuldigbevinding van Beskuldigde No. 4 op die eerste klagte soos volg op:

"Wat beskuldigde nr. 4 betref is daar die getuienis van Joe Maruma van die byeenkoms by beskuldigde nr. 4 se woning te Skoonplaas. Beskuldigde nr. 4 ontken daardie geleentheid. Sy getuienis aangaande wie daar teenwoordig was stem ooreen met die getuienis van die Staatsgetuies. Al wat hy ontken is dat daar gepraat is oor die P.A.C., maar in dië verband staaf Cooper, Maruma se getuienis, en van beskuldigde se kant is daar net 'n blote ontkenning dat daar ooit soiets was. Onder kruisverhoor erken hy ook dat daar geen moeilikheid tussen hom en Cooper is nie. Hy sê hy het geweet dat Cooper 'n lid van die P.A.C. was. Hy sê hy het nie teen Cooper getuig ten tye van Cooper se verhoor nie. Hy weet wel dat Cooper 'n lid van die P.A.C. was. Uit die Staatsgetuienis is daar niks om aan te dui dat hy aktief opgetree het in enige opsig nie, behalwe dat hy lid was en daar was 'n vergadering gehou by sy huis."

/Dit is.....

Dit is dus gemenesaak dat die persone deur die getuies Joe en Cooper genoem wel by Beskuldigde No. 4 se huis teenwoordig was. Die geleentheid is ook vir praktiese doeleindes voldoende vasgestel.

Dit word nie betwis dat die betrokke persone vriende van mekaar was nie. Beskuldigde No. 4 se getuienis kom daarop neer dat die getuie Joe reeds lank daar was toe Beskuldigde No. 7 ook daar aankom en dat Cooper en Beskuldigde No. 2 later saam daar aangekom het. Hulle het bloot kom kuier, en dit was volgens No. 4 geen P.A.C.-vergadering nie.

Cooper het in alle erns en vroomheid getuig van 'n ander volgorde waarin die persone by Beskuldigde No. 4 aangekom het, maar toe aan hom gestel is dat daar getuienis tot die teendeel bestaan, het hy ewe ongeërg gesê: "Dan weet ek nie."

Waar hy dus bereid was om op 'n noukeurige herinnering van die volgorde waarin die persone aangekom het, aanspraak te maak, word hy deur beide

/Beskuldigde No. 4.....

Beskuldigde No. 4 en die getuie Joe hierin weerspreek. Joe verklaar dat hy op die betrokke dag by Beskuldigde No. 4 gaan kuier het. Hy het ook uitdruklik op 'n vraag of die teenwoordiges vooraf geweet het dat daar 'n vergadering sou wees, verklaar dat hy nie geweet het dat daar 'n vergadering sou wees nie. Hierin staaf hy sterk die getuienis van Beskuldigde No. 4.

Joe het verder getuig dat hy dikwels by Beskuldigde No. 4 kom en dat Beskuldigde No. 4, toe hy op die betrokke dag daar kom, besig was om kos te maak. Hulle twee het toe geëet. Gevra of daar toe 'n bierpartytjie aan die gang was, het hy geantwoord "Ja, ons het gedrink." Beskuldigde No. 4 en Joe weerspreek dus beide vir Cooper wat beweer dat hulle almal daar gekom het met die doel om 'n vergadering te hou.

Die landdros was na my mening in die omstandighede ten onregte beïndruk en gerusgestel deur die feit dat Joe en Cooper mekaar staaf in hulle

/bewering.....

bewering dat P.A.C.-sake by hierdie byeenkoms bespreek is. Die blote feit dat twee persone in 'n posisie analoog aan diè van medepligtiges (soos die onderhawige getuies is) mekaar se getuienis bevestig, is nie per se voldoende rede vir 'n regterlike beamppte om te aanvaar dat daar aan die veiligheidsreël voldoen is nie. Hy moet nog steeds tevrede wees aangaande die meriete van die medepligtiges se getuies en die onverdienstelikheid van die beskuldigde se getuienis voordat hy 'n beskuldigde op sodanige getuienis kan veroordeel. (Sien S. v. Zitha and Others, 1965(1) S.A. 166 (O.D.P.A.) veral op p. 170).

In die huidige geval weerspreek die twee getuies mekaar. Geen een van hulle beweer in ieder geval dat Beskuldigde No. 4 aan die bespreking deelgeneem het nie. Hoewel Cooper beweer dat Beskuldigde No. 4 'n lid van P.A.C. is omdat hy hom self sou gewerf het, word hy nie hierin gesteun deur Joe nie wat erken het dat hy nie weet wat Beskuldigde No. 4

/van.....

van P.A.C. is nie.

Cooper se gemelde getuienis aangaande
Beskuldigde No. 4 se lidmaatskap is in ieder geval
aan twyfel onderworpe aangesien hy nie op oortuigende
wyse ontken het dat hy aan Sersant du Plooy tydens
sy eie verhoor sou verklaar het dat Beskuldigde No. 4
nie 'n lid van P.A.C. was nie. Du Plooy sou hierdie
inligting aan Beskuldigde No. 4 oorgedra het. Ek
meen dat hierdie bewering as korrek aanvaar moet
word aangesien die Staat geen verduideliking gegee
het waarom Sers. du Plooy nie as 'n getuie geroep
is ten einde die bewering te weerlê nie.

Selfs indien bevind kon word dat P.A.C.-
sake wel by die gemelde geleentheid bespreek was,
bly die vraag nog watter gevolgtrekking van sodanige
bespreking op 'n toevallige sosiale geleentheid by
'n persoon se huis gemaak kan word? Die landdros
het self bevind dat daar geen bewyse is dat Beskuldigde
No. 4 aktief opgetree het in enige P.A.C.-aangeleentheid

/nie.....

nie.

Die landdros moes na my mening die byeenkoms by Beskuldigde No. 4 se huis, waaromtrent daar geen bevredigende bewyse bestaan dat dit anders as 'n toevallige sosiale geleentheid beskou kon word nie, op dieselfde wyse benader het as wat hy die bogemelde geleentheid by Melodie Kampong benader het. Hy moes, gesien die onbevredigende stand van die direkte getuienis dat Beskuldigde No. 4 'n lid van die verbode organisasie was, en die beskuldigde se uitdruklike ontkenning van hierdie bewering, gehuiwer het om te bevind dat of die statutêre of enige logiese vermoede bloot op die gebeure by Beskuldigde No. 4 se huis aangaande Beskuldigde No. 4 se lidmaatskap van P.A.C. gebaseer kon word.

Ek verwys ten slotte nogeens na Cooper se direkte getuienis aangaande Beskuldigde No. 4 se lidmaatskap en die inkriminerende aard van sy getuienis aangaande die byeenkoms by Beskuldigde No. 4 se huis.

/die landdros.....

Die landdros het na my mening ten onregte 'n punt daarvan gemaak dat Beskuldigde No. 4 sou erken het dat daar geen moeilikheid tussen hom en Cooper was nie en dat hy nie teen Cooper by sy verhoor sou getuig het nie.

Dit blyk uit die notule dat Cooper wel geweet het dat Beskuldigde No. 4 teen hom sou getuig, hoewel hy in die resultaat nie as getuie geroep is nie. Dit is ook 'n feit dat Beskuldigde No. 4 'n verklaring aan die polisie gegee het in die saak teen Cooper. Dit is na my oordeel onlogies om te bevind dat Cooper ^{was} van die feit dat Beskuldigde No. 4 nie in werklikheid getuienis gelewer het nie, ~~af te lei~~ dat Cooper geen motief sou hê om Beskuldigde No. 4 valslik te inkrimineer nie. Die natuurlike en logiese afleiding te maak van die feit dat Cooper daarvan bewus was dat Beskuldigde No. 4 gewillig en gereed was om teen hom te getuig, is dat Cooper wel 'n motief sou gehad het om Beskuldigde No. 4 valslik /te inkrimineer.....

te inkrimineer. Daarby kom dat Beskuldigde No. 4 se vriende, Beskuldigde No. 2 sy swaer Beskuldigde No. 7 wel teen hom getuig het.

In al die omstandighede moes die landdros 'n redelike twyfel gehad het of die Staat daarin geslaag het om te bewys dat Beskuldigde No. 4 'n lid van P.A.C. was.

Die getuienis teen Beskuldigde No. 7 som die landdros soos volg op:

"Wat betref beskuldigde nr. 7 is daar die getuienis ook van Joe Maruma wat hom verbind. By die tweede geleentheid te Skeonplaaas sê Cooper het hy beskuldigde nr. 7 gewerf as 'n lid. Die beskuldigde 7 het alles ontken. Benewens die getuienis is daar die getuienis van beskuldigde nr. 1 waar hy sê dat nr. 7 hom gesê het dat hy saam met Cooper na Basoetoeland gegaan het in verband met P.A.C.-aangeleenthede maar het op die vergadering geslaap, sien ek nie waarom nr. 1 daardie getuienis sou gegee het as dit nie so was nie. Beskuldigde 7 se ontkenning moet verwerp word as vals en hy word skuldig bevind op albei klagte."

Die getuienis teen Beskuldigde No. 7 kom baie ooreen met die getuienis teen Beskuldigde No. 4. Dit is gemenesaak dat hy ook by die gemelde byeenkoms by Beskuldigde No. 4 se huis teenwoordig was. Sy getuienis staaf die getuienis van Beskuldigde No. 4

/en Joe.....

en Joe dat die byeenkoms toevallig was en eintlik op 'n kuilery neergekom het. In antwoord op 'n vraag of dit nie so was nie, het Cooper nie die aard van die vergadering probeer ontken nie maar slegs volhard met die verklaring dat hy nie gekuier het nie maar daar was vir P.A.C.-doelstellings.

Dieselfde betekenis moet aan hierdie byeenkoms vir die doeleindes van Beskuldigde No. 7 se saak geheg word as wat daaraan toegeskryf is vir Beskuldigde No. 4 se saak. Ek het reeds gemeld dat Beskuldigde No. 7 in werklikheid Beskuldigde No. 4 se swaer is, en die waarskynlikheid dat hy toevallig daar gekuier het toe Beskuldigde No. 2 en Cooper daar aankom, is om diè rede des te groter.

Ek meen dat daar ewe min regverdiging bestaan om uit Beskuldigde No. 7 se blote teenwoordigheid by die geleentheid af te lei dat hy 'n lid van P.A.C. was, as wat die afleiding in Beskuldigde No. 4 se geval gemaak kon word.

/Kan enige.....

Kan enige waarde gegee word aan Cooper se bewering dat hy Beskuldigde No. 7 as 'n lid gewerf het en dat hy dus weet dat Beskuldigde No. 7 'n lid is?

Dit is vir my werklik nie duidelik hoe dat die landdros die veiligheidsreël in hierdie geval kon toegepas het nie. Daar is na my oordeel alle rede om te vrees dat Cooper uit wrok valse getuienis teen Beskuldigde No. 7 kon gegee het. Dit word nie ontken dat hy by Cooper se verhoor getuig het dat Cooper gepoog het om hom as 'n lid te werf nie. Beskuldigde No. 7 het nog nooit van daardie standpunt afgewyk nie. Hy het hierdie verklaring ook gemaak aan Indoena Moyapo en dit was blykbaar die rede waarom hy gevra is om teen Cooper te getuig. Hieruit kan afgelei word dat Beskuldigde No. 7 'n baie belangrike sandeel in die vervolging en veroordeling van Cooper gehad het. Indoena Moyapo is nie geroep nie en dit moet dus aangeneem word dat die Staat hierdie ywerige

/bekamping.....

bekamping van P.A.C. deur Beskuldigde No. 7 nie betwis
nie.

Dit is vir my 'n raaisel hoe enige waarde
aan die getuienis van Beskuldigde No. 7 se slagoffer
geheg kan word waar dit nie sterk gestaaf word deur
ander aanneemlike getuienis nie.

In plaas van staving van Cooper se bewering
dat Beskuldigde No. 7 'n lid was, lewer die Staatsaak
eerder steun aan die bewering van Beskuldigde No. 7
dat hy nie 'n lid was nie want, afgesien van sy erkende
optrede teen Cooper (wat moeilik met P.A.C. ywer ver-
soen kan word), moet aangeneem word dat Cooper aan
Sers. du Plooy beweer het dat Beskuldigde No. 7 nie
'n lid was nie. Toe hierdie bewering deur Beskuldigde
No. 7 onder kruisverhoor aan Cooper gestel is, het
hy dit nie ontken nie maar slegs beweer dat hy nie
meer kan onthou wat hy destyds gesê het nie. Du Plooy
was nie deur die Staat geroep om hierdie bewering
te ontken nie, nòg word die rede vir hierdie versuim

/verstrek.....

verstrekt. Die Staat verskuldig verder geensins die posisie aangaande 'n beweerde lys van name waaronder dié van Beskuldigde No. 7 sou verskyn het van persone wat nie lede van die P.A.C. was nie.

Die enigste verdere getuienis teen Beskuldigde No. 7 is die bewering van Beskuldigde No. 1 dat Beskuldigde No. 7 aan hom sou erken het dat hy met Cooper na Maseru sou gegaan het vir 'n vergadering van die P.A.C.

Die landdros aanvaar hierdie getuienis na my oordeel op 'n altesoonkritiese wyse. Hy beantwoord die retoriese vraag wat hy homself moes gestel het deur eenvoudig te verklaar: "Ek kan nie sien waarom beskuldigde nr. 1 daardie getuienis sou gegee het as dit nie so was nie."

Dit is onbillik om van 'n beskuldigde te verlang om te suggereer waarom 'n medebeskuldigde teen hom getuienis lewer en om by gebreke aan 'n aanneemlike suggestie die getuienis teen hom te aanvaar.

/Cooper.....

Cooper in wie se geselskap hy na Basoetoeland sou gegaan het en wat, soos ek reeds aangetoon het, die sterkste motief gehad het om by die verhoor van so 'n uitstappie na Basoetoeland in die belang van die P.A.C. te getuig, rep nie 'n woord daarvan nie. Indien hy ooit aan die polisie daarvan melding sou gemaak het, moes die bewering deel van Cooper se getuieverklaring uitgemaak het en die vraag sou dan aan Cooper gestel gewees het.

In al hierdie omstandighede het die landdros na my mening gefouteer toe hy Beskuldigde No. 7 op die twee klagtes skuldig bevind het.

Die getuienis teen Beskuldigde No. 1 is by die eerste oogopslag sterker as die getuienis teen Beskuldigdes Nos. 4 en 7. Aangaande aktiwiteite wat ten opsigte van 1963 teen hom beweer word, getuig veral die bogenelde Joe Maruma en Cooper Lekala.

Die eerste geleentheid waaromtrent Joe getuig is die enkele en enigste keer wat hy 'n sogenaamde

/vergadering.....

Collection Number: AD1901

**SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS, Security trials Court
Records 1958-1978**

PUBLISHER:

Publisher:- Historical Papers, University of the Witwatersrand

Location:- Johannesburg

©2012

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.